e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

29 April 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Eyjafjallajökull – ons is kwesbaar

Na afloop van 11 September 2001 se aanval op die VSA was 'n joernalis se opmerking in *Time* treffend: *...ons is nie so magtig en veilig as wat ons gedink het nie.* Die skok en ontnugtering na die tragiese gebeure was opvallend.

Dit is veral waar ten opsigte van die kragte wat in die natuur sluimerend lê. Na die uitbarsting van die vulkaan Eyjafjallajökull in Ysland, het ons opnuut besef hóé kwesbaar die mens is. Alhoewel Ysland geografies afgesonder is, het dit nie verhoed dat die noordwestewinde die as oor die Britse eilande en Europa waai nie. Die ekonomiese gevolge vir die lugvaart- en gasvryheidindustrie en talle ander industrieë was enorm en die beweging van persone tussen die verskillende kontinente het feitlik tot stilstand gekom.

Vulkane word grotendeels by die raakpunte van tektoniese plate aangetref. Die hele aarde is byna soos 'n legkaart aanmekaar gesit. Waar die tektoniese plate mekaar ontmoet, is die seismiese aktiwiteite veel hoër. Vulkaniese uitbarstings is die aarde se manier om stoom af te blaas. Sodra die druk binne die aarde te groot word, soek dit 'n swak plek in die aarde se kors om van die oortollige energie ontslae te raak. Dit funksioneer baie soos die drukkoker op die stoof. 'n Vulkaniese uitbarsting hou talle gevare in: In die onmiddellike omgewing bestaan die moontlikheid van vloede, modderstortings, sneeustortings, lawa en vallende rotse. Duisende tonne as en lawa word die atmosfeer ingeslinger. Piroklastiese wolke beweeg dikwels teen verbysterende snelhede teen die berg af en hou eweneens groot gevaar in. Talle giftige gasse word deur die uitbarsting vrygestel en hou 'n hoë risiko vir mens en dier in.

Op 'n manier het gevorderde tegnologie 'n valse gerusstelling by ons gekweek. Ons leef onder die illusie dat ons in beheer van die aarde is; dat ons tragedies kan systap deur innoverende ingenieurswese. Die mens het onaantasbaar geraak. Soveel inligting is tans beskikbaar dat ons dikwels verlei raak om van die essensiële te vergeet. En dan kom daar 'n aardbewing in Port-au-Prince, Haïti, wat 250 000 lewens eis. Of 'n tsunami in 2004 met 233 000 slagoffers. Skielik raak ons weer van die omgewing om ons bewus. Die tragiese gebeure van 9/11 is maar op 'n klein skaal indien dit met natuurrampe vergelyk moet word. Slegs gedurende die week van 20 tot 27 April 2010 was daar 66 aardbewings wat tussen 4 en 6,5 op die Richterskaal geregistreer het.

Geloof en hoop floreer in 'n klimaat van onsekerheid. Dit is moontlik omdat nie een van die twee 'n prestasie van menslike denke nie, maar 'n gawe van die Heilige Gees is. Derhalwe kan ons daarmee vrede maak dat ons op 'n dinamiese, onvoorspelbare planeet leef. Rampe soos hierdie dryf ons juis na dit waarvan ons seker kan wees: ons verhouding met God wat nie deur natuurrampe vernietig kan word nie. Dalk moet ons weer daaraan herinner word dat ons baie meer van God afhanklik is as wat ons graag wil toegee. In tye van rampe kan die ontnugtering oor onaantasbaarheid juis die tasbaarheid van God se liefde aan die mensdom illustreer.

Ds Willie Botha, Lydenburg

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep bedank

- **Ds Barrie Oberholzer** van Messina/Van Warmelo na Bothaville

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Johann Mouton** van Gemeente Ventersdorp is tans met siekteverlof en herstel nadat 'n gewas sy gehoor erg beïnvloed het. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.

- **Ds Faan Visser** van Gemeente Lichtenburg-Oos is medies ongeskik verklaar en sal deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) van sy standplaas losgemaak word.

- **Dr Wilhelm Coetzer** herstel tans nadat hy weer 'n operasie moes ondergaan. **Ds Paula Eksteen** neem in sy plek waar as sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV).

- **Dr Koos Engelbrecht** neem tans waar as Bestuurder van die Kinderhuise nadat **dr Jan Oberholzer** medies ongeskik verklaar is. Hy word sterkte met die groot taak toegebid.

- **Oudl Hannes Esterhuizen**, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het op Vrydag 23 April 'n groot operasie ondergaan nadat kolonkanker by hom gediagnoseer is. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.

- **Ds Piet (PS) van Staden,** emerituspredikant en vader van dr Piet (P) van Staden wat in die Paarl woon, vier op 9 Mei sy 60ste jaar as predikant van die Kerk, nie die 50ste soos verlede week berig is nie. Dié geleentheid vind in Witrivier plaas waar ds Van Staden tans woon.

- **Ds Fanie Hoffman** word op Sondag 23 Mei deur Gemeente Waterval Boven ontvang en in sy amp bevestig nadat hy die beroep na die kombinasie Belfast/Waterval Boven aanvaar het. Hy gaan op Belfast woon.

- Hartlik geluk aan **dr Stephan Hoffman** van Gemeente Vaalharts wat tydens die Universiteit van Pretoria se gradeplegtigheid op Donderdag 22 April sy DD-graad ontvang het, en **ds Marthinus van Staden** van Gemeente Gaborone wat 'n MA-graad in Praktiese Teologie (Jeugbediening) verwerf het.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens. Hul besonderhede verskyn in die *Almanak*, indien lesers hulle dalk op hul verjaardae wil kontak.

  - Vrydag 30 April: Ds Wimpie Steyn
  - Saterdag 1 Mei: Ds Nick Alberts
  - Sondag 2 Mei: Ds Kálmán Papp (emeritus)
  - Maandag 3 Mei: Prop Elritia le Roux
  - Dinsdag 4 Mei: Ds Pierre Roets
  - Woensdag 5 Mei: Di Johan Bester, Hein Delport, Frik Engelbrecht en dr Ernest Marran
  - Donderdag 6 Mei: Ds Cobus Manders
  - Vrydag 7 Mei: Ds Peet Botha

- Die **kombinasie Stellenbosch/Worcester** het besluit om nog 'n deeltydse standplaas te vestig. Sodra die kerkordelike goedkeuringsproses afgehandel is, sal die gemeente daartoe oorgaan om 'n predikant te beroep.

- Die **Raad vir Regsadvies** het op Maandag 19 April vergader en die laaste voorgestelde wysigings aan die Kerkorde afgehandel vir voorlegging aan die Kommissie van die AKV. **Adv Joël Fourie** het die grootste aandeel gehad aan die herformulering van Ordinansie 8 en die Formulier vir die Ondersoek van 'n Klag. Die Raad het gereeld onder leiding van die voorsitter, **dr Barry van Wyk**, vergader.

- Die **Moderamen** het op Donderdag 22 April vergader en verskeie belangrike gesprekke gevoer met predikante en lidmate. Die Kommissie moet op sy vergadering in Junie die **agenda vir die 69ste AKV** goedkeur sodat dit na afronding

gedruk kan word. Die agenda sal weer op CD beskikbaar gestel word aan persone wat daarvoor vra. Die voordeel is dat dit dan reeds in Julie beskikbaar gestel kan word. Predikante en gemeentes sal meer inligting daaroor ontvang.

- Rade, ringskommissies en persone wat verantwoordelik is vir die inhandiging van verslae en beskrywingspunte wat in die **agenda van die 69ste AKV** opgeneem moet word, word versoek om dit so gou moontlik en nie later nie as **15 Mei** in te handig.

- **Mnr Kobus Viljoen**, Administrateur, het **ds Dries Beukes**, voorsitter van die Raad van Finansies en predikantslid van die Kommissie van die AKV, vanjaar vergesel op die besoek aan die **ring van Dorsland**. Hulle het benewens die bywoning van die ringsvergadering, toerusting gedoen en ander belangrike take verrig. Hulle berig dat dit goed gaan in die ring en dat slegs die standplaas van Gobabis tans vakant is.

- Die volgende **ringsvergaderings** vind in die **komende week** plaas:
  - 1 Mei Swellendam, te Stilbaai
  - 2 Mei Germiston, te Parkrand
  - 2 Mei Brakpan, te Springs-Oos
  - 2 en 3 Mei Krugersdorp, te Noordrand
  - 2 Mei en verder Roodepoort, te Horison Roodepoort
  - 3 Mei Krokodilrivier, te Buffelspoort
  - 4 Mei Middelburg, te Dullstroom
  - 4 Mei Maquassi, te Bosmansrust
  - 5 Mei Waterberg, te Waterberg
  - 7 en 8 Mei Bloemfontein, te Bloemfontein-Wes
  - 7 en 8 Mei Noordelike Pretoria, te Oos-Moot

- Die **5de ADV** vind by Gemeente Meyerspark plaas van **Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei 2010**. Registrasie begin op Woensdag 19 Mei om 16:30, en die openingserediens begin om 19:00.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van ’n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- **Gemeente Philadelphia** beskik oor ’n vakature vir ’n **Administratiewe Beampte**. Die persoon se take behels die algemene administrasie van die gemeente, uitsluitend alle finansiële aspekte van die kantoor. Die kantoorure is weeksdae van 08:00 tot 13:00 (onderhandelbaar), en inligting oor die vergoeding is beskikbaar op aanvraag. Kontak Rue Hopley by **gemeentebestuurder@philadelphia.co.za** of 083 669 3060.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor ’n **vakature vir ’n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook ’n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- **Gemeente Brackenhurst** se simbool is ’n seester. Die storie van die seun wat seesterre teruggooi na ’n storm, *omdat dit ’n verskil maak vir daardie (laaste) ene,* is vir die gemeente ’n aansporing om elkeen te probeer om iewers ’n verskil te maak – al is dit net een op ’n slag. Die gemeente bied elke jaar ’n geestelike veldtog aan waarin hulle op ’n spesifieke tema fokus. Vanjaar kyk hulle na die **gelykenis van die verlore seun** – maar vanuit die hoek van *Die Rojale Vader*. Vir ses weke word gefokus op verskillende aspekte van die gelykenis, met die klem daarop dat ons as kerkmense dikwels soos die oudste broer langs ons neuse afkyk na die mense wat al klaar by God se feesmaal ingegaan het. Staan ons dalk nog buite? Die veldtog duur van **2 Mei tot 6 Junie**, en bestaan uit preke oor bepaalde temas, groepstudies wat daarby aansluit, en die lees van die boek *The Prodigal God* deur Tim Keller. Vir die kinders word spesiale voorsorg getref met temas wat by hul leefwêreld aansluit. Kontak Pieter van Biljon by 086 158 2266, faksnommer 086 673 6708 of 083 469 5855 vir meer inligting.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief; Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

Kampe en toere

- Toer saam na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switserland en Parys vir R32 500, of die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug- en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201.

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** 'n **vliegsafari aan.** Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of **rudie@dewetdrilling.co.bw**, Guillaume Knipe by +267 713 00646 of **gknipe@work.co.bw**, of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.

- 'n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Op **Saterdag 29 Mei** bied Gemeente Piet Retief 'n **visvangkompetisie** aan by die Heyshopedam op die Ermelopad. Inskrywings vind van 06:00 af plaas en inweeg sluit om 16:00. Inskrywingsgeld beloop R80 per persoon met twee stokke. Die eerste prys is 'n **vakansie aan die Natalse Noordkus** van 'n Vrydag tot die volgende Vrydag (buite seisoen), en sluit etes, reiskoste van en na die bestemming asook alle ander moontlike koste **uit**. Die waarde daarvan is minstens R7 000. Slegs vier persone waarvan ten minste een 'n volwassene moet wees, mag die eerste prys benut. Daar sal ook ander pryse wees, en wegneemetes sal deur die dag te koop wees. Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220. Die **aand** om 19:00 word 'n **damdans** met die tema *The good, the bad and the ugly* aangebied. Toegang by die dans beloop R50 per persoon en sluit 'n ete in. Vir inligting oor die dans, kontak Graeme Bennie by 082 782 2123.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied 'n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – 'n blouwildebees, 'n blesbok, 'n lam, 'n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. 'n Replika van 'n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op 'n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop 'n kaartjie teen R10 en maak 'n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.

- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle 'n kompetisie om **'n vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100 by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte

- Van **Vrydagaand 30 April** om 17:00 en **Saterdagoggend 1 Mei** weer van 08:00 af hou **Gemeente Wonderboom-Suid** basaar by 10de Laan 920, Wonderboom-Suid. Kontak Loutjie Erasmus by 082 551 1676 of Daleen Smith by 073 229 3814 of **daleensmith@kpacc.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Delareyville** se gewilde **Generaal Delareyfees** vind plaas op **Saterdag 1 Mei** op die kerkterrein. Die gaskunstenaars is die Campbells, Piet Planter en Ruben Wentzel, en **toegang is gratis.** Vir 'n skamele R100 kan jy dalk **jou eie veeboerdery** begin met 'n bul en tien topverse, of vyf topverse, of 10 skaapooie. Hierdie pryse is ook in

kontant beskikbaar. Jy kan kaartjies telefonies bekom en hoef nie teenwoordig te wees die dag met die trekking nie. **Ander gemeentes kan gerus hul lidmate uitnooi om deel te neem.** Vleis sal teen groothandelpryse beskikbaar wees. Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of ds Attie Hattingh by 082 770 6862. Meer inligting is ook beskikbaar op Facebook onder *Genl Delareyfees*.

- **Gemeente Verwoerdburg** hou op **Saterdag 1 Mei** vanaf 09:00 **Hoenderbasaar** op hul kerkterrein. Gaan kuier gerus saam. Vir meer inligting, kontak 012 664 2044.

- Op **Saterdag 1 Mei** hou **Gemeente Carletonville** 'n **Straatfees** langs Century Motors in Adastraat, Carletonville. Van 08:00 tot 14:00 sal daar heelwat vermaak vir die kinders wees en talle bedrywighede vir die grootmense. Pieter Koen tree op en die toegang is gratis. Daar is ook 'n modelkompetisie en 'n trollieresies, asook vleis, tuisgebak en sommer baie ander lekker eetgoed te koop. Skakel ds Dirk van Rooyen by 082 495 3121 vir meer inligting.

- **Gemeentes Pietersburg en Vivo** hou saam basaar op **Saterdag 1 Mei** van 08:30 af op die kerkterrein van Gemeente Pietersburg. Gemeente Vivo gaan groente en vleis teen sakpaspryse aanbied, en Gemeente Pietersburg bied hul jaarlikse groot plaasontbyt teen R30 vir volwassenes en R20 vir laerskoolkinders aan. Die ontbyt sluit in pap en sous, wors, eiers en spek, en roosterbrood en konfyt. Hulle gaan ook gebak en pannekoek hê. Daar sal 'n buitengewone skyfskietkompetisie wees, en vir die kinders is daar 'n springkasteel. Gaan daarna huis toe met Vivo se heerlike wegneem-hamburgers. Dit is nie aldag dat twee gemeentes wat meer as 100 km van mekaar is, saam basaar hou nie. Alhoewel die gemeentes dit doen vir fondse, is die belangrikste dat hulle mekaar leer ken en saamwerk.

- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.

- **Gemeente Nigel** hou basaar op **Saterdag 8 Mei** van 09:00 tot 14:00 op die kerkterrein op die hoek van Eeufeeslaan en Somersetstraat in Nigel. Vanjaar het hulle weer hul bekende vleisstalletjie en tuisgemaakte wors. Vleissnitte kan vooraf bestel word saam met biltongsnitte gereed om gehang te word. Kom lag lekker saam vir Jan Spies-vertellinge in die amfiteater. Besoek die groente-en-vrugtemark, geniet die kerrie-en-rys en al die tradisionele eetgoed van 'n puik basaar. Vir die jongklomp is daar onder meer verfbal en *bloukoljôl.* Kontak ds Guillaume Rocher by 082 767 7630, 011 814 3024 of **gllmrocher@gmail.com**.

- **Gemeente Wonderfontein** in Oberholzer hou vanjaar weer soos die vorige 9 jaar **Winterskou**. Dit vind plaas van **Donderdag 27 tot Saterdag 29 Mei**. **Donderdagaand** om 19:00 tree Juanita du Plesssis op, **Vrydagaand** Beeskraal en Bok van Jaarsveld, en **Saterdagaand** Elisma en Fredi Nest. **Vrydagoggend** word die *Bo 60*-groep getrakteer. **Saterdagoggend** vind 'n baba-en-kleuter-kompetisie plaas wat hanteer word deur Pikkie Kleuterskool. Die Mnr en Mej Winterskou 2010 vind Saterdag na 14:00 plaas. Gaan geniet die mallemeule en klimmure, of loop met ballonne op die water. Daar sal ook uitstallers wees, en daar is nog 'n paar oop staanplekke vir buitengewone stokperdjies en ware beskikbaar. Stuur 'n faks met besonderhede na 018 786 3481. **Sondagoggend** 30 Mei word die fees afgesluit met 'n lofdiens. Kontak ds Nickie Alberts by 018 788 5071, 083 783 8143, 018 786 8143 of 082 713 4544.

- Die **Dora Theo Gemeente in** Kimberley hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Mei basaar en Gospelfees** by Hoërskool Diamantveld. Kom luister na **Uitverkoop** en **Willie Joubert**. Kontak ds Hennie Pretorius by **hennie@noordkaapkerk.co.za** of 053 832 4018.

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk, Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars tree op as gaskunstenaars, en toegang is gratis. Hulle het ook 'n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is 'n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is 'n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is 'n vleispakket bestaande uit 'n slagbees, slagskaap en 'n gemsbok; en die 4de prys is 'n week lange vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal vleis verkoop word teen billike pryse, en daar is 'n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Toegang is gratis en daar is volop parkering. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklong. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op **Saterdag 5 Junie** van 09:00 af 'n ***Potbelly***-basaar op die kerkterrein. Daar word 'n groot potjiekoskompetisie aangebied met heerlike pryse te wen, asook 'n *magiese* wedstryd vir die manne met die *bellies*! Hulle voer 'n paar dames in uit die Ooste om die *belly dance* te demonstreer, en die manne met die *sixpacks* gaan toutrek teen die *bellies*. Soos gebruiklik baie te sien, te doen, te koop en te eet! Vir meer inligting, skakel ds Johan du Preez by 013 262 4266 of Kobus Ehlers by 082 692 9809.

- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Daar sal ook **pretritte met veteraanmotors** wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan 'n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

ANDER NUUS

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Op **Saterdag 8 Mei** bied A4C (*Adventures for Christ*) 'n Gesinsdag aan by die RMFJ-kampterrein in Pretoria (*Real Men Follow Jesus*). Die doel is om 50 000 Bybels vir behoeftiges in te samel, asook om 200 kinders van die Sonop-kinderhuis in Pretoria op dié dag van kos te voorsien. Daar sal kosstalletjies, sangers, uitstallers, 'n vlooimark en verskeie ander aktiwiteite wees. Bring u ou Bybels saam, of borg die aankoop van nuwe Bybels. Vir meer inligting, besoek **www.adventures4christ.co.za**, of kontak LJ Swart by 082 888 9302, of Riette Combrink by 084 415 8516 of **riette@activebrand.co.za**.

- Die **Eiland/*Beeld*-Kinderfonds Gholfdag** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** by die Hans Merensky Buiteklub in Phalaborwa. Gaan speel gholf, of neem deel aan een van 'n verskeidenheid borggeleenthede, of gee 'n ex gratia-donasie. Kry so blootstelling tydens die geleentheid en daarna in die media. Stuur 'n e-pos na **info@beeldkinderfonds.co.za** vir 'n inskrywingsvorm.

- Die **Dokkies Opvoedkundige Trust** sal **finansiële steun** oorweeg aan geselekteerde voornemende studente vir opleiding as **onderwysers**, vir indiensopleiding en verdere opleiding van gekwalifiseerde onderwysers, en vir geselekteerde, goedgekeurde opvoedkundige projekte. Voornemende aansoekers kan by Die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075 aansoek doen om 'n prospektus. 'n Geadresseerde, gefrankeerde DLB-grootte koevert (± 210 x 99 mm) moet die aansoek vergesel. Aansoekers kan ook 'n e-posadres verskaf, of die webblad **www.dokkiestrust.za.org** besoek. Aansoeke vir 2011 sluit op **30 Oktober 2010**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Maandag 3 Mei — Ons Tuis Beleggingskomitee; Ons Tuis Finkom; Komitee vir Kerkmusiek
  - Dinsdag 4 Mei: — Raad vir Apostolaat
  - Woensdag 5 Mei: — Direksie van die Kinderhuise
  - Donderdag 6 Mei: — Werkswinkel oor SENTIK
  - Vrydag 7 Mei: — Predikantepensioenfonds; Personeelpensioenfonds

KOMMENTAAR

"Na aanleiding van dr Van der Merwe se opmerking in die voorbladberig van 22 April dat ons (die lidmate) moet ophou kla dat die Kerk sus of so is: Ek is een van die lidmate wat kla oor die Kerk, en baie mense wat ek ken, doen dieselfde – nee, ek praat hoegenaamd nie namens lidmate anders as myself nie.

By verskeie geleenthede het ek probeer doen wat dr Van der Merwe die vier beginsels noem, en elke keer is ek spreekwoordelik *weggewys*. Ek stel voor dat dr Van der Merwe ook 'n slag na die bestuur van die Kerk kyk. Ek, sowel as baie van die ander mense, weet presies waar die probleem is, en van ons het dit al in soveel woorde vir ons predikante gesê. Daar het egter niks van gekom nie. Ek het wel begrip daarvoor dat daar niks van gekom het nie.

Ek verkies om anoniem te bly, want sê ek waar en wat die probleem is, maak ek dalk 'n 210 liter konka vol wurms oop. Ek stuur die e-pos van 'n baie goeie vriend se rekenaar – met sy toestemming, alhoewel hy nie vertroud is met die inhoud hiervan nie. Ek het nie 'n rekenaar nie."

Anoniem

"Ek glo dat elke Christen geroep is tot bediening. Ek glo ook dat dit reg is dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika mense wat hulself bereid verklaar het tot hierdie taak, oplei om juis hul lewe toe te wy aan dié bediening. Dit is daarom dat ek ook my dankgebede uitroep dat daar nog predikante is, ja min van hulle, wat nog hierdie taak met oorgawe doen. Om

lidmate te bemoedig en te versterk, sodat ons ons daaglikse lewe kan hanteer. Daardie broeder wat jou nood self raaksien en jou besoek, jou nood deel, sodat jy ook makliker ander kan bedien en jou dienswerk met oorgawe kan doen. Daar word soveel klem gelê op die feit dat *bediening* elke lidmaat, elke Christen se taak is, dat predikante nie meer die werk waartoe hulle hulself verbind het, doen nie en net predikers geword het."

Christiaan Bloem, Meyerton

"Dankie vir die sinvolle inligting, veral op die voorblad. Die voorbladartikel van 22 April lê my baie na aan die hart, veral as 'n mens sien hoe gebrekkig kerklike meelewing in gemeentes is én dat dit eintlik aan die versleg is.

Moet ons nie eerder, voor ons praat van bediening, kyk na die verhouding wat ons as gelowiges met die lewende God het nie? As jy 'n lewende verhouding met God het, sal bediening en alles wat daarmee gepaardgaan, gebeur. Daar is nog te veel mense wat die kerk net as 'n tradisionele instelling gebruik, soos en wanneer nodig. Uit tradisie móét my kind kategeseonderrig ondergaan; my kind móét *aangeneem* word; my kind móét in 'n kerk trou; ons móét ons kinders (babatjies) ten doop hou; ons móét uit 'n kerk begrawe word; die dominee móét 'n toga dra; ons móét net psalms en gesange sing; daar mág net 'n orrel (dalk miskien 'n klavier!) gebruik word; eredienste móét nie langer as een uur wees nie; aanddienste is uit, dominees moet ook rus; eredienste móét in volgorde plaasvind: nou sit ons, nou staan ons, nou dit, dan dat, ensovoorts; jy groet nie iemand in die kerk nie, wag tot julle buite kom. En as al hierdie moets dan nagekom word, bly daar niks meer oor nie. Dan is *Christene* en hul meelewendheid net op die lidmaatboeke en die kassier se state sigbaar. Die kerk van vandag is vir baie 'n simboliese instelling: Die liggaam is nog warm maar daar is nie meer lewe nie.

Danie le Roux, Vaalpark

ADVERTENSIES

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 630 5153 of na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Lees in *Konteks* van Mei 2010:

- Waar is Jesus? By God, by ons!
- Die manier waarop ons sterf – hoekom juis so?
- Bybelvasvra 2010 – leer meer oor Titus
- NHSV 70 jaar – Feesuitgawe van *Die Christelike Vrou*

Lees in *Die Hervormer* van Mei 2010:

- Sokkerskouspel – 'n geleentheid vir die Kerk
- Kyk op na die hemel...
- 5de Algemene Diakensvergadering
- Watter kant is anderkant en wie woon daar?

Besoek ook die webblaaie www.konteks.co.za en www.hervormer.co.za vir meer inligting.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx